

**Help jou kinders om Nelson Mandela se nalatenskap te leef. Gee sommige van die waardes waarvoor hy gestaan het deur met hierdie kort reeks stories wat fokus op eerlikheid, medelye en vergifnis.**

# Beer se haarsny





Skrywer: Nola Turkington
Illustreerder: Joseph Mugisha

Op Phumeza se sesde verjaarsdag gee Mamma vir haar ’n speelgoedbeer. Beer het blink oë, goudbruin hare, ’n klein swart neus en ’n mond wat lag. Op die voorkant van sy rooi frokkie staan daar in groot letters: EK IS LIEF VIR JOU. WEES LIEF VIR MY OOK.

Orals waar Phumeza gaan, neem sy vir Beer saam. Sy is vir Beer amper net so lief as vir Thobeka. Thobeka is vyf jaar oud en woon langsaan. Thobeka is Phumeza se beste maat.

Een middag het Mamma ’n afspraak by die haarsalon. Phumeza en Thobeka kyk deur die venster toe die haarkapster Mamma se hare sny. Thobeka kyk mooi. Sy kyk hoe die haarkapster die hare met die skerp skêr afknip. Dit lyk so maklik en na pret. Later speel Phumeza, Thobeka en Beer buite. Na ’n rukkie hardloop Thobeka binne toe. Sy kom terug met haar ouma se skêr in haar hand.



“Kan ek asseblief jou hare sny?” vra sy vir Phumeza.

“Nee, nie vandag nie,” antwoord Phumeza. “Ek wil nou huis toe gaan.”

“Dan sal ek my ouma se hare sny,” sê Thobeka en hardloop om haar ouma te soek.

Phumeza klim oor die heining en gaan huis toe ... sonder dat sy agterkom sy het vir Beer teen die heining vergeet. Toe Thobeka haar ouma opspoor, praat Ouma op haar selfoon.



Thobeka los haar maar eers alleen. Haar broer is vas aan die slaap. Sy is te bang om hom wakker te maak. “Wie se hare KAN ek sny?” wonder Thobeka.

Buite begin Lotto die hond blaf.



Terwyl sy haar ouma se skêr in die lug rondswaai, hardloop Thobeka na die hond. Lotto gee een kyk na die skêr en hardloop straat af met sy stert tussen sy bene.



Nal'ibali
Dit begin met 'n storie...




Net Beer is oor. Hy sit regop teen die tuin se heining.

Thobeka sit vir Beer op haar skoot. Knip, knip, knip, sny die skêr. ’n Groot klomp van die goudbruin hare val grond toe.

Sy leun terug om te kyk. Daar is ’n groot kaal kol op Beer se kop. Thobeka is bekommerd.

“Dit lyk sleg,”dink sy. “Baie sleg. Wat sal Phumeza dink?”



Net toe kom Phumeza aangehardloop om vir Beer te kom haal. Sy steek in haar spore vas. “Wat maak jy? O NEE! Jy het Beer se hare gesny! Kyk wat het jy gedoen! Wat ’n gemors!” Voor Thobeka ’n woord kan sê, gryp Phumeza vir Beer aan sy een been en skree:

“Ek sal jou nooit vergewe nie. Jy is NIE meer my beste maat nie!”

Toe hardloop sy weg, baie kwaad.




Thobeka voel baie sleg. Sy sit Ouma se skêr terug in die kombuiskas. Toe hardloop sy na die onderkant van die tuin en kruip in die klein hoenderhokkie weg. Daar sit sy vir die res van die dag. Sy voel te sleg om uit te kom.

Phumeza se broer ry op sy fiets verby. “Haai Thobeka! Waar is jy?” skree Ben. “Ek hoor jy sny vandag hare. Sal jy my hare ook sny?”

Maar Thobeka antwoord nie. Ben lag en ry weg. Gewoonlik luister Thobeka nie na Ben wanneer hy haar terg nie, maar vandag huil sy. Daardie aand toe Phumeza gereed maak om te gaan slaap, vryf sy oor Beer se kaal kop.

“Arme Beer, jou hare sal nooit weer groei nie,” sê sy.




02 11 80 40 80 www.nalibali.org www.nalibali.mobi nalibaliSA @nalibaliSA

Phumeza kan nie slaap nie. Sy voel hartseer oor Beer se hare, maar sy voel nog meer hartseer as sy dink aan Thobeka. Sy rol rond in die bed en druk haar kop in die kussing. "Ek moes nie op Thobeka geskree het nie. Sy het alreeds sleg gevoel oor wat sy gedoen het. Ek het sulke lelike dinge gesê."

Phumeza dink aan die dag toe Mamma vir haar twee stukke koek gegee het, een vir haarself en een vir Thobeka. Voor haar beste maatjie eet sy toe al twee stukke op.

Thobeka het haar vergewe en nooit vir Mamma vertel hoe 'n vraat Phumeza was nie. Phumeza dink aan die gebed van haar familie wanneer hulle vir God vra om hulle te vergewe.

Phumeza voel skaam. Dit is nie 'n lekker gevoel nie. Op daardie oomblik – tik, tik – klop iemand saggies aan die venster. Phumeza sit regop. Sy is bang.

Met 'n bang stem fluister sy: "Wie is daar?"

"Dis ek – Thobeka."

Phumeza spring uit die bed uit op. Sy hardloop na die oop venster. Thobeka staan op haar tone terwyl sy aan die diefwering vashou. "Ek is so jammer ek het Beer se hare gesny. Ek het nie mooi gedink nie. Asseblief, asseblief vergewe my."

Phumeza gee haar beste maatjie deur die diefwering 'n drukkie.

"Ek het jou reeds vergewe en ek is baie jammer dat ek op jou geskree het en lelike dinge gesê het."



Die twee van hulle gesels totdat Thobeka nie meer aan die diefwering kan vashou nie. "Voor ek gaan," sê Thobeka, "wil ek vir Beer 'n geskenkie gee."

"Wat is dit?"

"'n Rooi wolmus, die een wat Ouma verlede winter vir my gebrei het. Dit sal Beer se kaal kop toemaak en by sy frokkie pas."

En dit is so!



DIE STORIES IN HIERDIE REEKS HET OORSPRONKLIK VERSKYN IN *STORIES THAT TALK,* GEPUBLISEER DEUR HEARTLINES.

# Raak doenig met stories!

**Bespreek 'n paar van die volgende dinge nadat jy en jou kinders *Beer se haarsny* gelees het.**

- Waarom dink jy was Phumeza so kwaad toe sy sien hoe Thobeka Beer se hare gesny het?
- Het jy al ooit iets gedoen wat iemand anders kwaad gemaak het, selfs al het jy dit nie bedoel nie? Deel die storie van wat gebeur het.
- Vra vrae met oop eindes (vrae wat nie 'n regte of verkeerde antwoord het nie, maar wat op verskillende maniere beantwoord kan word). Byvoorbeeld:
  - ~ Wat beteken dit om iemand te vergewe?
  - ~ Dink jy Phumeza was reg om Thobeka te vergewe? Hoekom of hoekom nie?
  - ~ Behoort ons altyd mense wat dinge doen wat ons kwaad maak of seermaak te vergewe? Hoekom of hoekom nie?

# Oor Nal'ibali

Nal'ibali (isiXhosa vir "hier is die storie") is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê, sodat lees, skryf en die deel van stories – in al die Suid-Afrikaanse tale – deel van die daaglikse lewe word.



Kinders wat omring word deur gedrukte teks en hulle inleef in goeie stories in tale wat hulle verstaan, is meer nuuskierig, vol selfvertroue en gemotiveer om te leer. Hulle is meer geneig om lesers te word en om goed te vaar in alle vakke op skool. Stories ontwikkel woordeskat, verbeter geheue en koester kinders se verbeelding.

Sedert 2012 werk Nal'ibali saam met verskeie vennote in die staat, burgerlike samelewing en besigheid om seker te maak elke Suid-Afrikaanse kind kry geleenthede om lief te raak vir boeke en stories. Ons stigtersvennote sluit in: die DG Murry Trust, PRAESA (Project for the Study of Alternative Education in South Africa) en Tiso Blackstar (voorheen Times Media). Deur voorspraak, opleiding en leesmateriaal van hoë gehalte, help Nal'ibali om 'n nasie van lesers te bou.

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. **Skakel ons** inbelsentrum by **02 11 80 40 80**, of kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org | www.nalibali.mobi | nalibaliSA | @nalibaliSA

Dit begin met 'n storie...